SURF

STELLENBOSCH UNIVERSITY RETIREMENT FUND | STELLENBOSCH UNIVERSITEIT AFTREDEFONDS

**Kliëntedienssentrum**
021 808 2753
sun-e-hr@sun.ac.za
surf.sun.ac.za

# NUUSBRIEF

**Februarie 2025**

## INHOUDSOPGAWE

1. Voorsittersverslag
2. Finansiële state: 31 Mei 2024
3. Fondsbeleggings
4. Fondsadministrasieplatform
5. Elektroniese voordeel- en projeksiestate
6. 'n Lae vervangingsverhouding en hoe dit jou aftrede raak
7. Risikovoordeelveranderings vanaf 1 Januarie 2025
8. Administrasiebydrae vir 2025
9. Reëlwysiging
10. Bestuur van die Fonds
11. Finansiële advies
12. Diensverskaffers van die Fonds
13. Belangrike kontakbesonderhede

## 1. Voorsittersverslag

2024 was 'n jaar van verandering op verskeie fronte – belangrike nuwe wetgewing is ingestel in die plaaslike aftreefondsbedryf en dit was verkiesingsjaar in verskeie jurisdiksies regoor die wêreld.

Na die plaaslike verkiesing en die totstandkoming van 'n Regering van Nasionale Eenheid, het beleggingsmarkte positief gereageer en die Fonds se beleggingsportefeuljes het goeie opbrengste behaal vir die jaar geëindig 31 Desember 2024. Wees asseblief verseker dat die Beleggingsubkomitee steeds daarop toegespits is om oor die lang termyn die beste resultate vir Fondslede te behaal.

Die Fonds het weer eens 'n ongekwalifiseerde ouditverslag vir die 17 maande tot 31 Mei 2024 ontvang. Die Raad spreek graag sy dank uit teenoor die administrasiespan vir hul harde werk om vir die oudit voor te berei.

Die Raad bevestig ook met genoeë dat die Fonds daarin kon slaag om bedryfskoste onder beheer te hou, met die gevolg dat die aftrekking van bydraes persentasiegewys dieselfde bly. Dit beteken die grootste moontlike persentasie van lede se bydraes word vir aftrede gespaar.

Die Raad moedig lede graag aan om hul voordeel- en projeksiestate te lees. Voordeelstate is opgestel vir die tydperk 1 Junie 2024 tot 31 Desember 2024, aangesien die Fondsadministrasie op 1 Junie 2024 oorgegaan het na Alexforbes. Jou voordeelstaat moet saamgelees word met jou oordragstaat van Sanlam, wat die tydperk 1 Januarie 2024 tot 1 Junie 2024 dek.

Vriendelike groete

Prof Niel Krige
**Voorsitter**



## 2. Finansiële state: 31 Mei 2024

Die geouditeerde finansiële state vir die 17 maande geëindig 31 Mei 2024 is aan die Oudit- en Risikobestuur subkomitee van die Raad van Trustees voorgelê. Die Fonds se eksterne ouditeure, Ernst & Young, het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik. Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die Oudit- en Risikobestuur subkomitee die finansiële state goedgekeur en die state op 27 November 2024 by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

## 3. Fondsbeleggings

### Amerikaanse handelstariewe en die impak daarvan op markte

Die grootste kwessie van die dag is ongetwyfeld om te oorweeg wat die impak van die Trump-presidentskap op wêreldmarkte sowel as Suid-Afrikaanse markte kan wees. Die kort antwoord is "ons weet nie", omdat dit nie menslik moontlik is om ten volle te verstaan hoe pryse kan reageer terwyl talle partye en teenpartye op grond van dinamiese en asimmetriese inligtingsvloei besluite neem nie.

Ondanks die feit dat ekonomiese vooruitskattings nie juis beter vaar as om te raai wat gaan gebeur nie, het die moontlike impak van Trump se tweede termyn as president heelwat kundige kommentaar ontlok. As jy bewyse wil hê dat dit taamlik moeilik is om markte akkuraat te voorspel, gaan lees maar net weer 'n finansiële publikasie van 'n jaar gelede – jy sal dalk wonder wat deur die voorspeller se gedagtes gegaan het!

Nietemin is kenners se siening dat die "Trump-tariewe" inflasionêr sal wees, en daarom het die Amerikaanse mark sy verwagting dat Amerikaanse rentekoerse gaan daal, getemper. Hierdie faktor was 'n belangrike dryfveer vir die sterker Amerikaanse dollar van onlangs. Uit 'n aandeleperspektief, is die Amerikaanse mark optimisties, omdat dit verwag dat die Trump-administrasie belasting sal verlaag, regulering sal verminder en oor die algemeen markvriendelik sal wees. Aandelemarkte het positief gereageer op Trump se verkiesing, maar effens teruggesak weens kommer oor rentekoerse wat "langer hoër" kan bly.

Die probleem is dat talle uitkomste moontlik is – nie net swak uitkomste nie, maar ook baie goeies – en dat dit baie moeilik is om te bepaal wat waarskynlik gaan gebeur. In sulke omstandighede is die beste strategie om 'n langtermyn-beleggingshorison te aanvaar, spekulatiewe bates te vermy en gereed te wees om sterk te staan indien die mark skerp daal.

### 'n Terugblik op 2024

In 2024 het die MSCI Wêreldindeks (met 'n opbrengs van +19.2% in Amerikaanse dollar) die MSCI Indeks van Ontluikende Markte (+8.1%) uitgestof, en die Amerikaanse mark het sterk opbrengste behaal (S&P 500 +25%). Die helfte van hierdie opbrengste was te danke aan die prestasie van die sogenaamde Super-7 of "Magnificent 7" (tegnologie-aandele met 'n fokus op kunsmatige intelligensie). Die S&P 500 Indeks het oor die afgelope twee jaar met meer as 50% gestyg en die sterkste 2-jaarprestasie sedert die laat 1990's aangeteken.

Plaaslik het die FTSE/JSE Indeks van Alle Aandele die jaar 13% hoër in rand en 10% hoër in Amerikaanse dollar afgesluit.


Suid-Afrika het 'n nuwe era van demokratiese bestuurstoesig betree met die vorming van die Regering van Nasionale Eenheid, terwyl die eerste nuwe tekens van ekonomiese herstel in 'n dekade begin blyk. Na die verkiesing het sake- en verbruikersvertroue verbeter, terwyl dit verblydend is dat die struikelblokke vir ekonomiese groei (met betrekking tot kragvoorsiening) afgeneem het. Hoewel heelwat werk nog gedoen moet word, het verlede jaar se politieke ontwikkelinge 'n platform geskep waarop beleidshervormings hopelik op konstruktiewe wyse aandag sal kry.

Die Suid-Afrikaanse effektemark het ook 'n uitstekende jaar gehad en baat gevind by die skerp daling in die koerse van langertermyn-staatseffekte en korporatiewe effekte ná die nasionale verkiesing en die vorming van die Regering van Nasionale Eenheid.

Die prestasie van die Fonds se portefeuljes (na aftrekking van fooie) oor metingstydperke tot 31 Desember 2024 word in die volgende afdelings toegelig. Nader inligting is beskikbaar in die portefeuljes se feiteblaaie, wat op die Fonds se webwerf (surf.sun.ac.za) gelees kan word.

## Groeiportefeulje

Die primêre beleggingsdoelwit van die Groeiportefeulje is om opbrengste te behaal wat oor 'n metingstydperk van vyf jaar minstens in die topkwartiel van opbrengste met betrekking tot die "Internasionale Gebalanseerde" portuurgroep is, soos verteenwoordig deur al die internasionale gebalanseerde fondsbestuurders in Suid-Afrika.





Die sekondêre doelwit van die Groeiportefeulje is om oor deurlopende 5-jaarmetingstydperke 'n reële opbrengs van 5% p.j. (na aftrekking van alle koste) te lewer. Die portefeulje sal dus altyd 'n blootstelling van 70% tot 85% aan die aandelemark hê, wat beteken dat die prestasie van die portefeulje onbestendig sal wees. Die portefeulje gee uitvoering aan die Raad se besluit om die maksimum toelaatbare blootstelling van 45% aan die buiteland te hê en 5% in ongenoteerde Suid-Afrikaanse infrastruktuur te belê. Dit gee lede blootstelling aan meer beleggingsidees, en 'n internasionale portefeulje is ook veerkragtiger as 'n plaaslike portefeulje.

Die volgorde van data op die horisontale as van die grafiek is ietwat ongewoon, omdat dit met die 10-jaaropbrengs begin en met die 1-jaaropbrengs eindig. Die rede hiervoor is dat lede op die langertermyn-opbrengste behoort te fokus. Die portefeulje het oor die afgelope 10 jaar 'n jaarlikse opbrengs van 4.7% bo inflasie gelewer, en oor die afgelope vyf jaar 'n jaarlikse opbrengs van 6.7% bo inflasie. Dit is 'n positiewe uitkoms en billike beloning vir die risiko wat aanvaar word.

## Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje


Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje se primêre beleggingsdoelwit is om 'n reële opbrengs van 6% p.j. (na aftrekking van fooie) oor 3-jaartydperke te behaal, en die sekondêre doelwit is om 'n kapitaalverlies oor enige 24-maandetydperk te vermy. Soos die naam aandui, is hierdie portefeulje bedoel om meer aggressief te wees as die Groeiportefeulje. Die portefeulje het 'n prestasiegeskiedenis van 7 jaar en 11 maande en soos die grafiek hieronder illustreer, het dit te midde van moeilike marktoestande uitstekend gevaar.




## Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje

Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje se primêre beleggingsdoelwit is om 'n reële opbrengs van 3% p.j. (na aftrekking van fooie) oor deurlopende 3-jaartydperke te behaal, en die sekondêre doelwit is om 'n kapitaalverlies oor enige 12-maandetydperk te vermy.


Hierdie portefeulje handhaaf 'n blootstelling van 35% tot 45% aan die aandelemark en is geskik vir lede met 'n korter tydhorison en 'n laer aptyt vir risiko en wisselvalligheid van opbrengste. Die grafiek hieronder toon die prestasie van die portefeulje (na aftrekking van fooie) in vergelyking met inflasie. Die portefeulje het oor alle metingstydperke sterk presteer.




Die slim leser sal oplet dat die volgorde van die opbrengste op die konvensionele wyse aangedui word, met die kortste termyn eerste. Dit is omdat die portefeulje geskik is vir lede met 'n korter beleggingshorison, soos hierbo genoem. Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje het oor die afgelope drie jaar 'n reële opbrengs van 3.6% p.j. behaal en dus sy prestasiedoelwit bereik.

## Shari'ah-portefeulje

Die portefeulje het 'n blootstelling van 60% tot 70% aan aandelemarkte en word ooreenkomstig Shari'ah-wette bestuur.





## Kapitaalbeskermingsportefeulje

Die beleggingsdoelwit van die Kapitaalbeskermingsportefeulje is om 'n reële opbrengs van 1.5% p.j. (na aftrekking van fooie) oor enige 12-maandetydperk te behaal. Die bereiking van hierdie doelwit sal grootliks afhang van die Suid-Afrikaanse Reserwebank se navolging van 'n reële rentekoers-regime. Die portefeulje streef ook om die STeFI Saamgestelde Indeks met 0.75% p.j. (na aftrekking van fooie) te oortref.

Die portefeulje het 'n toewysing van 85% aan 'n geldmarkfonds met 'n konvensionele geldstrategie, en redelik onlangs is 15% aan 'n inflasiegekoppelde inkomstefonds toegewys.

Die grafiek hieronder toon die prestasie van die portefeulje (na aftrekking van fooie) in vergelyking met inflasie. Die portefeulje het oor alle metingstydperke 'n reële opbrengs behaal, en oor die afgelope jaar baie goed gevaar, met 'n reële opbrengs van 7.0%.



## 4. Fondsadministrasieplatform

Die Fondsadministrateur het sedert die vorige verslagdoening goeie vordering gemaak om lede se ervaring te verbeter. Sekere funksionaliteite is uit die platform (AF Connect) verwyder om verligting te bring terwyl die platform weens die hoë volumes tweepot-spaargeldonttrekkings onder druk was. Platformaktiwiteit het sedertdien na normaal teruggekeer, en die funksionaliteite is herstel. Hou die platform dop vir nuwe funksionaliteite wat bekend gestel sal word, soos die volgende:

- Intydse voordeelstate wat 'n oorsig gee van die gevestigde, aftree- en spaarpotte.
- Risikovoordele wat op die skermoorsig verskyn
- 'n Selfoontoep (app)

Neem asseblief kennis dat die Sanlam-portaal nou vir lede gesluit is. Toegang tot jou Fondsinligting is nou beskikbaar via AF Connect by online.alexforbes.com/home. As jy nog nie geregistreer het nie, klik asseblief op die skakel om te registreer.

## 5. Elektroniese voordeel- en projeksiestate

SURF stuur elke jaar beide voordeel- en projeksiestate elektronies aan lede via InfoSlips. Lede kan toegang tot hul state kry deur middel van 'n aanhangsel wat per e-pos aan hulle gestuur word. Die state word deur 'n wagwoord beskerm om die veiligheid van jou inligting te verseker. Harde kopieë van state sal nog steeds verskaf word aan lede wat nie toegang tot e-pos of die internet het nie.

Let asseblief daarop dat jou voordeelstaat jou beginsalso soos op 1 Junie 2024 wys – die datum waarop die administrasieplatform van Sanlam na Alexforbes oorgegaan het. Jou beginsaldo is dieselfde as jou eindsaldo soos wat op jou oordragstaat verskyn.

Onthou, die projeksiestaat wat by jou voordeelstaat ingesluit is, is bloot 'n riglyn om die geraamde maandelikse pensioen soos op die normale aftreedatum te bepaal. Daarom is dit belangrik dat jy eers 'n finansiële adviseur raadpleeg voordat jy enige besluite oor jou aftrede neem. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen kan eers bepaal kan word wanneer die pensioen gekoop word. Let asseblief daarop dat die geraamde maandelikse pensioen uitgedruk word as 'n persentasie van jou maandelikse pensioengewende inkomste. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die pensioengewende inkomste wat vir die projeksies gebruik word, vir die meeste personeellede ongeveer 75% van hul indiensnemingskoste bedra.

Met die berekening van die geraamde pensioen by aftrede neem die projeksiestate van 31 Desember 2024 ook die na-aftrede mediesefonds-subsidie in ag waarvoor sommige lede kwalifiseer. Dit is 'n waardevolle voordeel en wys watter verskil dit aan jou aftreeprojeksies maak.



Jou voordeelstaat bevestig jou fondswaarde soos op 31 Desember 2024 en jou aftreefondsbydraes vanaf 1 Junie tot 31 Desember 2024, asook aftree-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele.

Gaan asseblief die inligting op jou voordeelstaat na en kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) indien enige besonderhede op die staat nie korrek is nie.

Jy kan op **InfoSlips Viewer** na jou voordeel-, projeksie- en oordragstate kyk. Die proses om na jou state te kyk, is vereenvoudig. Wanneer jy jou kennisgewing-e-pos ontvang, klik jy eenvoudig op die skakel wat verskaf word en gebruik jou identifikasie-/paspoortnommer om jou state oop te maak.

## 6. 'n Lae vervangingsverhouding en hoe dit jou aftrede raak

Jou vervangingsverhouding bepaal of jy met gemak sal kan aftree. Volgens die kenners moet jy 'n vervangingsverhouding van 80% hê, wat beteken dat jou aftree-inkomste minstens 80% van jou pensioengewende salaris net voor aftrede moet wees.

Om 'n vervangingsverhouding van 80% te kry, moet jy gemiddeld 17% van jou pensioengewende salaris oor 'n tydperk van 40 jaar tot jou aftreespaarfonds bydra. As jy dus jou bydrae voorheen verlaag het en minder as 15% van jou pensioengewende salaris bydra, sal dit 'n negatiewe uitwerking op jou vervangingsverhouding hê, omdat jy minder spaar as wat nodig is om 'n gerieflike aftrede te verseker. En as jy elke jaar tot op jou normale aftreedatum die volle saldo in jou spaarpot in kontant neem, sal dit ook 'n nadelige uitwerking op jou vervangingsverhouding hê. Raadpleeg asseblief jou projeksiestaat om die impak van die verskillende scenario's te sien.

Onthou dat die Fondsreëls jou toelaat om jou bydrae tot die Fonds te verhoog, wat dan jou vervangingsverhouding sal verbeter.

## 7. Risikovoordeelveranderings vanaf 1 Januarie 2025

### Nie-goedgekeurde groeplewensversekeringsvoordeel

Jou nie-goedgekeurde sterftedekking bly by Old Mutual, wat tariewe onveranderd gehou het vir beide aktiewe lede en pensioenarisse. Onthou dat jou veelvoud aan die begin van elke jaar outomaties weer vyf keer jou jaarlikse pensioengewende salaris sal wees, met die opsie om jou veelvoud na drie keer of een keer te verander. Jy kan hierdie opsie tussen 1 Januarie en 31 Maart elke jaar uitoefen. Verder kan jy kies om jou sterftedekking-veelvoud te verhoog of te verlaag wanneer sekere lewensveranderende gebeurtenisse plaasvind, soos 'n huwelik, die geboorte of aanneming van 'n kind, dood of egskeiding. Indien jy die vyf keer-veelvoud kies, kan jy ook teen 'n baie mededingende tarief addisionele (flex) dekking van twee keer jou pensioengewende salaris uitneem terwyl jy nog 'n aktiewe lid is.

### Gadevoordeel

Jou gadevoordeel bly by Old Mutual, met 'n onveranderde premie. Jou gadevoordeel is gelyk aan twee keer jou jaarlikse pensioengewende salaris, met gade-ongeskiktheidsdekking as 'n vervroegde voordeel.

### Begrafnisvoordeel – gesin en uitgebreide familie


Jou begrafnisvoordeel bly ook by Old Mutual. Om vir steeds stygende begrafniskoste voorsiening te maak, is daar ooreengekom om gesinsdekking van R30 000 tot R40 000 te verhoog. Die premietarief vir jou gesinsdekking styg van R34.30 tot R46.30. Daar is ook ooreengekom om ter wille van bekostigbaarheid die uitgebreide gesinsdekking onveranderd te hou op R30 000. 'n Opname sal in 2025 gedoen word om vas te stel of daar 'n behoefte is om die uitgebreide gesinsdekking te verhoog.

### Maandelikse inkomste-ongeskiktheidsvoordeel

Jou maandelikse inkomste-ongeskiktheidsvoordeel bly by Momentum, wat tariewe onveranderd gehou het. Momentum se tariewe is ook die mededingendste van al die versekeraars wat gekwoteer het.

### Goedgekeurde sterftedekking – Gade- en kinderpensioenvoordeel

Jou goedgekeurde sterftevoordeel bly by Sanlam, wat die huidige premietarief verlaag het en die mededingendste tarief aangebied het van al die versekeraars wat gekwoteer het.



## 8. Administrasiebydrae vir 2025

Die jaarlikse aktuariële waardasie is afgehandel, en ons maak graag bekend dat jou bydrae tot die administrasie van die Fonds vir 2024 onveranderd bly op 0.15% van jou pensioengewende salaris.

## 9. Reëlwysiging Nr. 8

Die tydelike opsie van laer bydraekoerse is deur die Raad ingestel om gedurende Covid en 'n tyd lank daarna finansiële verligting te bring. Die Raad het nou besluit om hierdie opsie oor 'n tydperk te begin uitfaseer en die proses sal soos volg bestuur word:

- Lede wat voor 1 Januarie 2022 aangesluit het en tans 10% of meer bydra, kan vanaf 1 Januarie 2025 nie laer bydraekoerse as 10% kies nie.

Die outomatiese jaarlikse bydraeverhoging van 2.5% vir lede wat tans minder as 15% bydra, sal voortgesit word. Hierdie lede sal die keuse hê om gedurende die eerste drie maande van elke jaar terug te gaan na hul bestaande bydraekoers. Indien lede wat tans 5% of 7.5% bydra, nie binne die eerste drie maande van die jaar besluit om na hul bestaande bydraekoers terug te gaan nie, sal die lede nie in die volgende jaar die keuse hê om hul bydraekoers tot minder as hul huidige koers te verlaag nie.

Hierdie maatreëls word almal ingestel om alle lede te help om 'n beter aftree-uitkoms te hê.

## 10. Bestuur van die Fonds

SURF se Raad bestaan uit vyf werkgewer- en vyf werknemertrustees.

**Die volgende trustees is deur die werkgewer aangestel:**



**Prof. Niel Krige**
Voorsitter en werkgewertrustee

Prof. Krige was 'n buitengewone professor by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) en dien sedert 18 November 2005 as 'n trustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
17 November 2026



**Me Miriam Hoosain**
Werkgewertrustee

Me. Hoosain is Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne en dien sedert 9 Mei 2023 as 'n trustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
8 Mei 2026



**Mnr Manie Lombard**
Werkgewertrustee

Mnr. Lombard is Hoofdirekteur: Finansies en dien sedert 5 Mei 2011 as 'n trustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
4 Mei 2026



**Prof. Gretha Steenkamp**
Werkgewertrustee

Prof. Steenkamp is 'n medeprofessor by die Skool vir Rekeningkunde en dien sedert 1 Januarie 2025 as 'n trustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
31 Desember 2027



**Prof. Wikus van Niekerk**
Werkgewertrustee

Prof. Van Niekerk is Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
31 Desember 2025



**Prof. Richard Stevens**
Plaasvervangende werkgewertrustee

Prof. Stevens is 'n medeprofessor by die Fakulteit Regsgeleerdheid en dien sedert 1 Januarie 2025 as 'n plaasvervangende trustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
31 Desember 2027

**Die verkose lidtrustees is:**



**Prof. Tanja Ajam**
Lidtrustee

Prof. Ajam is 'n professor by die Skool vir Publieke Leierskap. Sy het sedert 7 Desember 2019 as 'n plaasvervangende trustee gedien en is sedert 28 Augustus 2020 'n volle lidtrustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
6 Desember 2025



**Mnr Ché Bermosky**
Lidtrustee

Mnr Bermosky is 'n regsadviseur by die Universiteit. Hy het sedert 1 Januarie 2018 as 'n plaasvervangende trustee gedien en is sedert 7 Desember 2019 'n volle lidtrustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
6 Desember 2025



**Mnr Peter Kirsten**
Lidtrustee

Mnr Kirsten is werksaam in die Vergoedings- en Voordele-afdeling van die Departement Menslike Hulpbronne en dien sedert 7 Desember 2016 as 'n lidtrustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
6 Desember 2025



**Mnr Johan Steyn**
Lidtrustee

Mnr Steyn is van die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 28 Augustus 2020 as 'n trustee – aanvanklik as 'n plaasvervangende trustee en later 'n volle lidtrustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
6 Desember 2025



**Prof. Johan van Rooyen**
Lidtrustee

Prof. Van Rooyen was 'n medeprofessor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee – aanvanklik as 'n plaasvervangende trustee en later 'n volle lidtrustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
6 Desember 2025



**Prof. Corné Schutte**
Plaasvervangende lidtrustee

Prof. Schutte is 'n professor in die Departement Bedryfsingenieurswese en dien sedert 5 Desember 2022 as 'n plaasvervangende trustee.

**Huidige ampstermyn verstryk**
6 Desember 2025



Mnr Japie Kotzé, 'n direkteur in die Departement Menslike Hulpbronne, is sedert 1 Desember 2012 die hoofbeampte van die Fonds.

## 11. Finansiële advies

Ons herinner jou dat SURF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.



## Die paneel van voorkeurdiensverskaffers bestaan uit:

**Alexforbes Finansiële Beplanningskonsultante:**
+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@alexforbes.com

**Finfocus:**
+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

**Graviton:**
+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

**Momentum Consult:**
+27 (0) 86 177 7750 | mc.theart@consultm.co.za

**Sanlam Finansiële Advies:**
+27 (0) 83 375 9831 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za

### Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntediensentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

SURF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdiensverskaffers betaal.
Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.



### Wees ook op die uitkyk vir die volgende voorleggings wat vanjaar plaasvind:

❖ Voorlegging aan lede van 53 jaar en ouer.

❖ Voorlegging aan potensiële afgetredenes.



## 12. Die diensverskaffers van die Fonds

Die volgende diensverskaffers is deur die Raad aangestel om met die bestuur van die Fonds te help.

**Hul pligte word hieronder uiteengesit:**

| Diensverskaffer | Diens | Funksies wat verrig |
|---|---|---|
| **Simeka Konsultante & Aktuarisse** | Voordeel- en aktuariële advies | • Advies oor die Fonds se voordeelstruktuur en veranderings in wetgewing.<br>• Hulp met kommunikasie aan lede.<br>• Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoesig.<br>• Opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardasie om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal.. |
| **Willis Towers Watson** | Beleggingsadvies | • Advies oor die Fonds se beleggingstrategie.<br>• Bystand met die keuring en evaluering van beleggings¬bestuurders. |
| **Alexforbes** | Fondsadministrasie | • Maandelikse elektroniese vaslegging van bydraes.<br>• Oorplasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders.<br>• Betaling van eise.<br>• Uitreiking van voordeelstate.<br>• Daaglikse boekhouding, en opstel van die finansiële jaarstate. |
| **Standard Bank** | Bankiers | • Alle Fondstransaksies vloei deur die Fonds se bankrekening. |
| **Sanlam** | Versekeraar | • Versekering van die sterftevoordeel (gade- en kinderdekking) soos omskryf in die Fondsreëls |
| **Sygnia, Allan Gray, Coronation, Ninety One, Sanlam, Old Mutual, Stanlib** | Batebestuurders | • Bestuur van die beleggings van die Fonds volgens die mandate waaroor met die Raad ooreengekom is. |
| **Ernst & Young Geïnk** | Ouditeure | • Doen eksterne oudits. |



## 13. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor SURF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelkonsultant in verbinding tree.

Kontak asseblief die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor SURF het.

| | |
|---|---|
| Hoofbeampte | **Japie Kotzé**<br>t. +27 (0)21 808 2754<br>e. jjsk@sun.ac.za |
| Inligtingsbeampte | **Japie Kotzé**<br>t. +27 (0)21 808 2754<br>e. jjsk@sun.ac.za |
| Voordeelkonsultant | **Wynand Breytenbach**<br>t. +27 (0)21 912 3300<br>e. wynand@simekaconsult.co.za |
| Vergoedings- en Voordele-afdeling | **Peter Kirsten**<br>t. +27 (0)21 808 3740<br>e. pkirsten@sun.ac.za |
| Pensioenfondsberegter (PFB) | e. enquiries@pfa.org.za<br>Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie.<br>Raadpleeg asseblief die PFB se webwerf (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede. |



Kontak asseblief ons Kliëntedienssentrum indien jy enige vrae het. Die kontakbesonderhede is as volg:

Tel:  021 808 2753 or

epos: sun-e-hr@sun.ac.za

